**BARNABAS DIE BEGELEIER** –
Hand 15:36-41
Die Heilige Gees seën mense deur ons lewenspraktyke*

'n Man vol van die Heilige Gees
Wanneer mens Barnabas se verhaal naspoor soos wat ons die afgelope week aand na aand gedoen het, word jy bewus van die wonderlike manier waarop die Here mense en hulle gawes gebruik in die koms van die koninkryk.

- Die Here gebruik sy **vrygewigheid** om 'n stuk grond te verkoop en die opbrengs aan die gemeente in Jerusalem te skenk. Dit vorm deel van die **platform** wat geskep word om die Christelike geloof wêreldwyd te lanseer. **Ons deel** vandag nog in die seën van Barnabas se geskenk.

- Die kerk kon Saulus en sy bediening aanvaar weens Barnabas wat hom **gasvry** ontvang het. Hy het vir Saulus as **borg** opgetree. Daarmee word die kerk uiteindelik gehelp om nie eksklusief Joods te bly nie, maar onder die Here se leiding **grense oor te steek** – uiteindelik ook na Europa en die verre **Suidpunt van Afrika** waar ons vandag nog deel in die vrug van die grensoorskryding.

- Die jong Johannes Markus het in Barnabas 'n begeleier en mentor van formaat gevind wat hom deur sy **gawe van bemoediging** in staat gestel het om met Paulus te **versoen** en die skrywer van die **eerste evangelie** te word.

Ons lees dat Barnabas 'n man *vol van die Heilige Gees* was (Hand 11:24), maar sy lewensverhaal was dié van 'n **gewone mens**. Deur ons lewe daagliks onder die beheer van die Heilige Gees te stel ("vol"), kan God andere ook deur *ons* gawes en lewenspraktyke seën!

**Konflik tussen twee leiers**
Na die **vergadering in Jerusalem** (Hand 15) het Barnabas en Paulus weer tyd aan die bediening in Antiogië gegee. Met die aanbreek van die **tweede sendingreis** ontstaan konflik tussen hierdie twee swaargewigte. Paulus nooi Barnabas, en dié wil sy nefie Johannes Markus saamneem. Paulus wil dit nie hê nie, klaarblyklik omdat hy vertroue in Johannes Markus verloor het. Markus het hulle op die eerste sendingreis in Pamfilië verlaat en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen nie.
So sterk verskil Barnabas en Paulus dat hul weë skei. Paulus neem **Silas** saam. Hulle reis deur **Sirië en Silisië** om die gelowiges in al die stede

waar die Woord van die Here voorheen verkondig is te gaan versterk. Barnabas neem Markus en reis per skip na **Siprus** waar hulle destyds ook saamgewerk het.

**Hoe gemaak met mense wat nie end-uit volhou nie?**

Die kern van die konflik was die belangrike vraag: *Hoe maak mens met mense wat nie end-uit volhou nie?* Mense wat koue voete kry of afdwaal?

Enige godsdiens het die probleem van mense wat hulself as ***"free riders"*** beskou. Dit is mense wat deel wil wees van die kerk en in die voorregte wil deel (trou, doop en begrawe word), maar nie bereid is om die **prys van dissipelskap** te betaal nie. Sodra daar teenstand of moeilikheid kom, deins hulle terug.

Die vroeë Christelike kerk het dikwels **vervolging** beleef. Vervolging het hulle in 'n groot mate gehelp om vry van "free riders" te wees. Die prys was net te hoog. As **Johannes Markus** alreeds in Pamfilië omgedraai het – nog voor die eintlike aksie begin het – wat sou hy doen in Antiogië in Pisidië of Ikonium waar die apostels uit die stad verdryf is, of in Listra waar Paulus gestenig en vir dood agtergelaat is?

**Wanneer moet jy** so iemand wat jou teleur gestel en in die steek gelaat het, afwys en wanneer moet jy hom weer 'n kans gee? Vir **Paulus** swaai die skaal na die kant waar Markus nie kan saamgaan nie. **Barnabas** is oortuig dat Markus sy kant sal bring. Twee antwoorde op dieselfde vraag. Dit lei tot skeiding tussen die twee leiers.

**Barnabas se besluit**

Barnabas se vertroue in Johannes Markus was werklik **profeties**. Markus het hom nie weer teleur gestel nie. Hy het ontwikkel in 'n **belangrike en sterk geestelike leier** in die kerk van die Here.

**Wat laat Barnabas kies vir Markus?**

- Eerstens het hy die onderskeidingsvermoë om Markus se **persoonlike potensiaal** raak te sien. Hy het ook die **teologiese onderskeidingsvermoë** om te weet dat God ons nooit verstoot nie, maar aan ons verskeie geleenthede vir skuldbelydenis en vergifnis gee. Hy volg **Jesus** se voorbeeld in Sy optrede teenoor Petrus nadat dié Hom veraai het

- Tweedens gebruik hy sy gawe van bemoediging ter ondersteuning van Markus. Saam met Markus sou hy – dit kan ons seker weet – **deur die probleemareas werk** wat die eerste sendingreis vir Markus so katastrofies laat eindig het. Hoe **effektief** hy hiermee

moes wees, blyk uit die feit dat Markus later onder baie moeiliker omstandighede getrou aan die evangelie bly.

Hiermee doen Barnabas eintlik **presies** wat hy vroeër met Paulus self gedoen het. Toe niemand Paulus ’n kans wou gee nie, het hy hom in Tarsus gaan haal en ’n geleentheid in Antiogië gegee. Op ’n manier gaan hy nou ’n stappie verder: hy begelei nie net iemand wat die eerste keer tot bekering gekom het nie (Paulus), maar ook iemand wat gefaal het, en nou ’n tweede kans moet kry (Markus).

**Die gevolg hiervan is dramaties:**

- Johannes Markus word as betroubare bedienaar van die evangelie herstel;
- Markus word ’n sleutelfiguur in die vroeë kerk, onder andere die **skrywer** van die oudste evangelie, en die **vertroueling van Petrus** (1 Pet 5:12-14).

12Silvanus, wat na my mening ’n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!
13Die gemeente in Babilon, ’n uitverkore gemeente net soos julle, asook Markus, my seun, stuur vir julle groete.
14Groet mekaar met ’n soen van Christelike liefde. Vrede vir julle almal wat in Christus is!

- Markus word uiteindelik **met Paulus versoen**. Dit is roerend om te lees hoe Paulus later oor hom skryf in Skrifgedeeltes soos Kol 4:10; Fil 24-25; 2 Tim 4:9-13

Kol 4:10 Aristargos, wat hier saam met my gevange sit, stuur vir julle groete; ook Markus, die neef van Barnabas. Oor hom het julle reeds opdragte gekry: as hy daar by julle kom, moet julle hom gasvry ontvang.
Filemon 23 Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus ’n gevangene is, stuur vir jou groete; 24 ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas stuur groete.
25 Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees!

2 Tim 4:9 Probeer so gou moontlik na my toe kom, 10 want Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat en na Tessalonika vertrek. Kressens is na Galasië en Titus na Dalmasië toe. 11 Net Lukas is by my. Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees. 12 Tigikus het ek na Efese toe gestuur. 13 As jy kom, moet jy die reismantel saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en ook die boeke, veral die perkamente.

Hiermee illustreer Barnabas 'n lewenspraktyk wat broodnodig vir die Here se kerk is. Dit is 'n praktyk wat:

- Bereid is om **risiko**'s met mense as mede-bedienaars te loop en daarom **tweede kanse** te gee; wat
- Medegelowiges **toelaat om foute te maak** en tekort te skiet; wat
- Mede-gelowiges nie afskryf nie, maar **betrokke raak** by mekaar en mekaar help vorm deur aanmoediging en die geleentheid tot praktiese bediening te gee.

**Die einde van die verhaal**

Waar eindig Barnabas se verhaal? Daar is 'n tradisie wat sê dat hy op die eiland Siprus, naby die stad Salamis, **deur Jode gestenig** is. 'n Graf wat in 488 n.C. ontdek is, word met hom verbind. Dit beteken dat hy soos talle vroeë Christene en waarskynlik al die ander apostels, as 'n **martelaar** sterf vir Christus.
In 'n sekere sin leef sy verhaal voort oral waar gelowiges lewenspraktyke van **begeleiding, bemoediging, en vrygewigheid** volg.

**Ons maak dit ons eie**

Mag Barnabas se verhaal ook in ons gemeente voortleef. In hierdie reeks het ons 8 geestelike gewoontes behandel wat ons in die lewe en bediening van Barnabas raakgesien het - gewoontes wat ook deel van 'n mens **se eie** lewenspraktyk kan word en ons het **wenke** gekry oor hoe om dit te doen: **vrygewigheid**, **gasvryheid**, **bemoediging, omgee, daaglikse ondersoek, getuienis, nederigheid en geloofsonderskeiding**.
'n Mens kan nie alles elke dag doen nie. Daarom moet jy **keuse**s maak. Maar jy moet min genoeg kies dat jy dit kan bemeester en volhoubaar kan doen. Moenie meer afbyt as wat jy kan kou nie. En beoefen die geestelike gewoontes as lewenspraktyk totdat jy dit bemeester het en jy nie meer daarsonder kan lewe nie.

Barnabas se lewensverhaal was dié van ’n **gewone mens, vol van die Heilige Gees**.  Deur die **Here se genade** kan elkeen van ons só ’n lewensverloop hê.

Amen

*Met dankbare erkenning aan die opstellers van vanjaar se Pinksterreeks.